Geagte Ouers, Voogde en Versorgers

KOM ONS MAAK 2023 DIE BESTE SKOOLJAAR OOIT!

Welkom terug aan die begin van die 2023-skooljaar!

Hartlik welkom ook aan al daardie ouers wat vir die heel eerste keer deel is van die Wes-Kaap se openbare skoolstelsel.



Vir baie mense is dit die begin van ’n reis van 12 jaar saam met ons en ons skoolgemeenskappe. Ongeag waar u u in die siklus bevind, is die fokus van die skooljaar wat voorlê, baie belangrik. Ons moet hande vat en ’n koesterende, beskermende en veilige omgewing skep waar ons kinders kan floreer.

Ons wil seker maak dat **elke kind, in elke klas, in elke skool in die provinsie gehalteonderrig ontvang**. Hiervoor is die ondersteuning, aanmoediging en betrokkenheid van ouers in elke graad noodsaaklik. Tydens die COVID-19-pandemie het kosbare onderrig- en leertyd verlore gegaan, en nou is dit tyd om “weer op koers te kom” om hierdie verliese in te haal en goeie en grondige vordering te maak.

Hoewel ons in die vorige jaar vordering gemaak het, is ons ongelukkig ook gekonfronteer met ongewenste leerdergedrag by ons skole. Antisosiale gedrag, boeliegedrag, aanranding en die besit van onwettige middels by skole is aan die toeneem. Dit het soveel druk op baie van ons opvoeders geplaas dat dit vir sommige te veel geword het, en hulle die professie verlaat het.

As Hoof van Onderwys in hierdie provinsie, wil ek daarom op elkeen van u ’n beroep doen om ons te help om aanvaarbare gedrag in ons skole te handhaaf. As opvoeders het ons ’n rol om te speel, maar u rol as ouer is die fondament waarop ons bou en wat dit vir ons moontlik maak om sukses te behaal. U is ’n rolmodel en u help om u kind se menings, waardes, ingesteldheid en benadering tot leer en die breër konteks van die lewe te vorm.

Daar is baie maniere waarop u ’n bydrae kan lewer:

- Moedig u kind aan om elke dag skool toe te gaan, **gereed en bereid om te leer, te speel, deel te neem en dit te geniet**.
- Maak seker dat elke kind sy of haar opvoeders met respek behandel.
- Moedig positiewe gedrag en hoop aan. Kinders wat hoopvol en gelukkig is, presteer beter op skool, in buitemuurse aktiwiteite en in die lewe.
- Wees elke dag betrokke by jou kind se opvoeding en ander belangstellings. Sorg byvoorbeeld dat lees ’n daaglikse prioriteit in jul huis is en gesels oor die volgende sokkerwedstryd of enige ander nuusgebeure.
- Kweek selfagting by u kinders, want dit sal van hulle selfversekerde en onafhanklike denkers en doeners maak!
- Bespreek die gevolge van dade met u kinders en leer hulle dat die lewe oor keuses gaan. Ons kinders gaan ons grense toets, maar ons moet daardie grense stel.
- Gesels met u kinders oor waardes. Waardes is ’n integrale deel van ons samelewing en is belangrik in verskeie kontekste, soos ons huise, skole, sportklubs of godsdiensverenigings. Gesels met u kinders oor u waardes en vra hulle watter waardes hulle as hul eie aanvaar.
- Ondersteun u kind se opvoeder regdeur die skooljaar. Opvoeders het ’n swaar las om te dra, en uiteindelik sal u kind by u samewerking baat. Daar is natuurlik altyd uitsonderings, uitsonderings wat intervensie van die skoolbestuur mag vereis. Gee egter u kind se opvoeder die kans om saam met u kind te groei wanneer hulle hierdie nuwe skooljaar aanpak.
- Wees ’n goeie rolmodel in alles wat u doen!

Omdat ek self onderwys gegee het, weet ek dat die oorweldigende meerderheid opvoeders hierdie professie kies omdat hulle ander wil help om die beste weergawe van hulself te wees. Kom ons doen alles in ons vermoë om ons opvoeders te versterk sodat ons kinders die voordele daarvan kan geniet.

In Afrika is daar ’n spreekwoord wat sê dat ’n hele dorp saam ’n kind grootmaak. Ons is die dorp – almal van ons. Kom ons maak 2023 die beste skooljaar ooit.

Kom ons leef vir ons kinders.

Brent Walters
Hoof: Onderwys